EKSKLUSIEF

VAN LINKS: Ja, die gerugte is waar – Nicola Breytenbach-Steiner is swanger; Nicola en haar man tydens 'n onlangse vakansie; haar boepie het toe al begin wys.



Opgeklits oor ons poppie!

Deur Jared Orlin

MODEL NICOLA BREYTENBACH-STEINER EN HAAR MAN VERWAG HUL EERSTELING

SY HET al van Parys tot in New York op loopplanke gepronk, vir tientalle internasionale glanstydskrifte poseer en was gereeld by dieselfde onthale as mense soos Donald Trump en die kulkunstenaar David Blaine.

Maar deesdae word daar in die gebore Suid-Afrikaner en internasionale model Nicola Breytenbach-Steiner en haar man, Ben Steiner, 'n Amerikaanse sakeman, se huis in New York net stootwaentjies, doeke en babakamers gesels.

"Ja, ek is swanger," bevestig Nicola (31) toe Huisgenoot die Steiners bel. "Ek droom al langer as 10 jaar hiervan. Dit is die een ding wat ek meer as enigiets anders begeer het, 'n droom wat waar geword het."

Ná hul wittebrood in Italië was die twee haastig om met 'n gesin te begin. En toe sy in November effe snaaks begin voel, het sy 'n tuisswangerskaptoets gedoen. Dit was positief.

"Ons was in daardie stadium in Tel Aviv in Israel vir Ben se pa, Jeff, se begrafnis. Daardie reis was een van die hartseerste dinge in my lewe, asook een van die gelukkigstes."

Ben is ewe in sy skik. "Wat kan meer opwindend wees as om 'n ouer te word?" sê die 31-jarige amper-pa van 'n meisiekind wat middel Julie haar opwagting moet maak.

Hoekom het hulle die groot nuus so lank geheim gehou?

"In 'n Joodse gesin wag jy 'n bietjie langer as die gewone drie maande," verduidelik Nicola. "Ons het darem vir familie en vriende gesê."

Die baba moet nog 'n naam kry. "Ons werk nog babanaamboeke deur," vertel sy. "Ons hou van dieselfde soort name."

Hulle het onlangs in 'n drieslaapkamerwoonstel in New York se Upper East Side ingetrek. Hulle huur dit vir 'n jaar terwyl hulle wag dat bouwerk aan hul droomblyplek, 'n luukse woonstel in Tribeca in Laer-Manhattan, voltooi is. Daarom het hulle nog nie aan die babakamer begin werk nie.

Al lees die nuweling-ma baie oor moederskap, weet sy dis 'n ander storie wanneer daardie mensie eers voor jou is. Daarom het die Steiners 'n Suid-Afrikaanse kraamverpleegster wat in Brittanje woon, Linda Reid, aangestel om Nicola die eerste drie maande te help.

"Sy spesialiseer in pasgebore babas. Die feit dat sy 'n Suid-Afrikaner is, is 'n groot pluspunt," sê sy.

Skielik hou Nicola op met praat. "Oe, sy skop," sê sy. "Ben hou daarvan om haar te voel beweeg.

"Ek kan nou al sien sy gaan haar pappa se dogtertjie wees. Hy het juis vir my gevra: 'Wat gaan ek doen as sy iets vra? Ek sal nie kan nee sê nie!' " □



LINKS: Pa Ben voel hoe die kleinding skop. BO: Daar is nog net 'n paar maande oor voor die geboorte en Nicola lyk pragtig en ontspanne.